AFRIKAANS GRAAD 7   DONDERDAG 14 MEI 2020

## Voorsetsels

- Voorsetsels druk die verhouding van woorde tot mekaar uit.
- Dit dui gewoonlik die posisie van iets aan.
  bv. aan, agter, bo, in , langs, onder, op, tussen, voor, ens.
- Voorsetsels kom voor in VRYE- en VASTE verbindings:
  Vrye verbinding: Sy staan **langs** die tafel.
  Vaste verbinding: Almal moet ‘n doel **voor** oë hê.
- Voorsetsels in VASTE VERBINDINGS word saam in ‘n spesifieke uitdrukking gebruik

Hier volg ‘n leerlys van VASTE VERBINDINGS wat jy moet ken. Die meeste is baie bekend en algemeen, maar daar is ‘n klompie wat dalk vir jou vreemd kan wees. Gaan deur die lys en merk daardie wat vir jou onbekend is en leer hulle.

## Voorsetsels (Ook verbindingswoorde genoem)

Voorsetsels kom voor in **VASTE VERBINDINGS**

- **Aan** die vereistes voldoen
- Onderhewig **aan**
- **Aan** die beurt
- **Aan** die slaap
- **Aan** tafel
- Verkyk **aan** iets
- **Buite** myself van woede
- **By** jou besluit bly
- Goeie opkoms **by** die vergadering
- **Deur** die wind
- **Deur** die wêreld bekend
- Spot **met** iemand
- **Met** rus laat
- **Met** ope arms ontvang
- Aard **na** iemand
- Baljaar **na** hartelus
- **Op** heterdaad betrap
- **Op** skool
- **Op** sy pos
- Roep **om** hulp
- **Om** vredeswil
- Besluit **oor** my toekoms
- **Onder** my aandag gekom
- Stry **onder** mekaar
- Reis **per** trein
- Koste **per** persoon
- Maak beswaar teen iets
- Tref voorsorg **teen** iets
- Bydra **tot** iets
- **Ten** slotte
- **In** voeling met mekaar
- **In** ag geneem
- 'n Aanleg **vir** iets
- Word vrygestel **van** huiswerk
- Goed **van** jou taak kwyt
- Die skip lê **voor** anker

- Spandeer geld **aan** iets
- Behoefte **aan** iets
- **Aan** die woord
- Grens **aan** iets
- Skaarste **aan** iets
- **Buite** rekening laat
- Iets is **buite** werking
- **By** die dood omgedraai
- **Bo** my vuurmaakplek
- **Deur** die bank
- **Met** vakansie
- Handig **met** iets
- **Met** simpatie luister
- Verlang **na** iemand
- **Na** my mening
- **Op** bevel van
- **Op** aanklag van
- Trots **op** iemand
- Dring aan **op** iets
- **Om** die bos gelei
- Iemand **om** die lewe bring
- Bekommerd **oor** julle
- Werk **onder** groot druk
- **Onder** vriende se invloed
- Stuur iets **per** pos
- **Ter** herdenking van
- Bestand **teen** iets
- Iemand **tot** leuenaar maak
- **Ten** gunste van iets
- **In** die vooruitsig gestel
- **In** twyfel trek
- Glo **in** iets
- Weet iets **vir** seker
- Afhanklik **van** mekaar
- Die dag **van** 2 Mei
- 'n Doel **voor** oë hê

Oefening TAALBOEK

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **van** | **uit** | **met** | **aan** | **op** | **agter** | **voor** | **na** |
| **by** | **tot** | **in** | **vir** | **om** | **oor** | **bo** | |

In die raampie is 'n aantal voegwoorde. Voltooi die onderstaande sinne in jou TAALBOEK deur die korrekte voorsetsel in te vul. Skryf die sinne oor in jou TAALBOEK en vul die nodige voorsetsels in. (As jy die werk kan druk, mag jy dit inplak en voltooi.)

1. Die mense dweep _______________ die sanger.
2. Die ruiker is _______________ die meisie wat verjaar.
3. Hulle het _______________ die groot stad verdwaal.
4. Die trein kom net ______________ by hierdie stasie.
5. Die mans sal mekaar _________________ die rugby ontmoet.
6. Die meisie skinder geduring _______________ haar vriendinne.
7. Ons sal wel weer _______________ ons vriende hoor.
8. _______________ werk kom my pa huis toe.
9. Die blomtuin is ____________die huis en die groentetuin is _____________ die huis.
10. Daardie nuwe tas in die ry behoort ______________ my.
11. Die seun is 'n boelie, want hy skiet die kinders _____________ 'n rekkie.
12. Die passasiers klim ______________ die bus.
13. Die skurk smeek __________ vergifnis.
14. Die kinders leer meer ____________ voorsetsels.
15. My vriende leen gereeld boeke _____________ my.
16. Die kinders baklei ___________ die nuwe meisie.
17. Almal lag lekker ____________ die snaakse grappie.
18. Die man gooi na die teiken ______________ 'n bal.
19. Die meisie kla ___________ haar pa oor haar maats se gedrag.
20. Die man lei ______________ 'n ernstige siekte.
21. Almal hou ____________ die vrolike kind.
22. Almal probeer nou net kop ___________ water hou.

---

DONDERDAG 14 MEI 2020 MEMORANDUM

1. Die mense dweep **oor** die sanger.
2. Die ruiker is **vir** die meisie wat verjaar.
3. Hulle het **in** die groot stad verdwaal.
4. Die trein kom net **tot** by hierdie stasie.
5. Die mans sal mekaar **by / na** die rugby ontmoet.
6. Die meisie skinder geduring **van / by** haar vriendinne.
7. Ons sal wel weer **van** ons vriende hoor.
8. **Na** werk kom my pa huis toe.
9. Die blomtuin is **voor** die huis en die groentetuin is **agter** die huis.
10. Daardie nuwe tas in die ry behoort **aan** my.
11. Die seun is ‘n boelie, want hy skiet die kinders **met** ‘n rekkie.
12. Die passasiers klim **in** die bus.
13. Die skurk smeek **om** vergifnis.
14. Die kinders leer meer **oor** voorsetsels.
15. My vriende leen gereeld boeke **by** my.
16. Die kinders baklei **met / oor** die nuwe meisie.
17. Almal lag lekker **oor** die snaakse grappie.
18. Die man gooi na die teiken **met** ‘n bal.
19. Die meisie kla **by** haar pa oor haar maats se gedrag.
20. Die man lei **aan** ‘n ernstige siekte.
21. Almal hou **van** die vrolike kind.
22. Almal probeer nou net kop **bo** water hou.

---